

1 April

Skrifgedeelte: Lukas 20:27-21:4
Fokusgedeelte: Lukas 20:27-39

Daar is 'n opstanding!

Geloof sluit nie gesonde verstand en logika uit nie (vergelyk Romeine 12:2b en 1 Petrus 1:13). In hierdie gedeelte sien ons egter hoe logika misbruik kan word om jou eie idees teenoor die Bybelse waarheid te verdedig. Die Bybelse leer dat dooies opstaan, was een te veel vir die Sadduseërs om te glo. Hulle nader daarom die Here Jesus met 'n uitboulvraag. Die vraag was gebaseer op Deuteronomium 25:5: Waar 'n man kinderloos sterf, moes sy broers met sy vrou trou sodat daar vir hom 'n nageslag kon wees. As só 'n vrou met sewe broers getroud was, wie se vrou sou sy by die opstanding uit die dood wees? Hulle argument was egter nie op geopenbaarde kennis gebaseer nie. Wat God openbaar, verstom ons dikwels en kan ons dit nie altyd verstaan nie.

God openbaar twee dinge:

- In God se nuwe hemel en aarde trou mense nie meer nie en hulle sterwe ook nie meer nie.
- God is 'n God wat lewe gee, en al is Abraham, Isak en Jakob al dood, lewe hulle nog by God. Die lewensband tussen God en sy kinders word nooit deurgesny nie.

Daarom is daar 'n opstanding en wys Christus se opstanding dat die lewensband tussen God en sy kinders vir altyd daar is. Ons kan vandag getroos lewe en vannag getroos gaan slaap.

Sing: Skrifberyming 24:7

Ds PA Odendaal (Evander)